



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING VIRTUEEL GEHOU OM 10:00 OP
DONDERDAG 27 AUGUSTUS 2020 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

**MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD VIRTUALLY ON THURSDAY,
27 AUGUST 2020 AT 10:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP**

RAADSLEDE / COUNCILLORS

MNR	R J BAKER	
MNR	G D BURGER	
MNR	D J EUROPA	
MNR	C J JACOBS	
MNR	D JANTJIES	
ME	E C MARTHINUS	
MNR	J G A NIEUWOUDT	(Speaker)
ME	M OCTOBER	
ME	E L SAULS	
MNR	P J SWART	(Burgemeester)
ME	Z TONISI	(Onder-Burgemeester)

AMPTENARE / OFFICIALS

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr A Jacobs	Direkteur: Infrastruktuurdienste
Mnr H Kröhn	Direkteur: Bestuursdienste
Mnr B Swart	Interne Ouditeur
Mnr G M Moelich	Bestuurder: Administrasie
Me T Stone	Afdelingshoof: Strategiese Dienste
Me N Mhlati-Musewe	Divisional Head: HR Services & Organisational Development

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Raadslid Tonisi open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Geen.

3. ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE

Me Eloise Krige van Zoetendal Akademie gee terugvoer ten opsigte van die publieke deelname prosesse en besware wat ontvang is ten opsigte van erf 930 en 608, L'Agulhas. Sy meld dat 7 besware ontvang is en na konsultasie met beswaarmakers het hul die skool se versoek ondersteun. Sy noem ook dat 15 lede van die publiek die aansoek ondersteun het (*die aangeleentheid word verder bespreek onder punt 11.5*).

4. NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTING**4.1 NOTULE VAN RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

28 Julie 2020

BESLUIT 114/2020

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. NOTULES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERINGS OOR BESLUIE DEUR HOM GENEEM SAAM MET DIE BURGEMEESTERSKOMITEE**5.1 NOTULE VAN UBK VERGADERING GEHOU OP:**

21 Februarie 2020

BESLUIT 115/2020

Die Raad neem kennis van bogenoemde UBK Notule.

6. NOTULES VAN KOMITEE VERGADERINGS VIR BESPREKING / KENNISNAME**6.1 VOORGELê VIR BESPREKING : WYKSKOMITEE VERGADERINGS GEHOU OP**

- WYK 1 : 3 Augustus 2020
- WYK 2 : 19 Augustus 2020
- WYK 3 : 4 Augustus 2020
- WYK 4 : 18 Augustus 2020
- WYK 5 : 4 Augustus 2020
- WYK 6 : 10 Augustus 2020

BESLUIT 116/2020

Die Raad neem kennis van bogenoemde Wykskomitee Notules.

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES**28 Julie 2020: Voedsel Verligting Tydens Covid-19 Inperking: NGO's-Sopkombuise**

Dat 'n volledige verslag aan die Raad voorgelê word ten opsigte van die spanderings van alle NGO's.

8. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**8.1 BRIEWE VAN DANK**

Die Raad neem kennis van die skrywe van dank, aangeheg op **bladsy 1** van die bylaes.

8.2 FUNKSIES VIR DIE MAAND

- (i) Op 1 September 2020 vind die opening van Lesedi- en Ou Meule Square plaas.
- (ii) Die biblioteke open op 1 September 2020, slegs vir die terughandiging van materiaal en op 17 September 2020 vir die hernuwing van boeke en materiaal.
- (iii) Die oorhandiging van huise sal deurlopend gedurende September plaasvind.
- (iv) Wyke se terugrapporteringsvergaderings vind gedurende September plaas, waartydens operasionele planne aan die gemeenskap bekendgestel word.

8.3 AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES

Geen.

8.4 DRINGENDE SAKE DEUR DIE SPEAKER VOORGELê

Opleiding vir Raadslede deur die Hanss Seidell Stigting vind eersdaags plaas.

9. TERUGVOERING VANAF RAADSLEDE OOR VERGADERINGS BYGEWOON

- (i) Raadslid Jacobs meld dat hy 'n provinsiale MPAC Voorsittersvergadering op 11 Augustus 2020 bygewoon het.
- (ii) Die Burgemeester het 'n DCF vergadering saam met die Munisipale Bestuurder bygewoon. Die distrik ekonomiese herstelplan was bespreek.
- (iii) mSCOA opleiding was deur Raadslid Burger en Raadsheer Jantjies bygewoon.

10. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

- (i) Die Burgemeester bemoedig die gemeenskap ten opsigte van beperkings wat gestel is deur die COVID-19 epedemie.
- (ii) Hernieuwe fokus moet geplaas word op die Raad se langtermyn finansiële plan om volhoubaarheid in die toekoms te verseker.

11. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

		BLADSY	
		<u>Notule</u>	<u>Bylaes</u>
11.1	Vervreemding (koop): Ged erf 663 en Ged erf 579, L'Agulhas	5 - 6	2 - 4
11.2	Vervreemding (koop): Ged erf 955, Struisbaai	6 - 8	5 - 11
11.3	Vervreemding/Ontwikkeling: Erwe 852 en 857, Struisbaai	8 - 10	12 - 14
11.4	Vervreemding (koop): Ged erf 379, Struisbaai	10 - 12	15 - 20
11.5	Request for use of erven 390 and 608, L'Agulhas	12 - 22	21 - 26
11.6	Toekenning van industriële grond: Erf 4185 en 4186, Struisbaai	22 - 23	27 - 28
11.7	Vervreemding (koop): Erf 4176, Bredasdorp	24 - 25	29 - 34
11.8	Huurooreenkoms: Meentgronde - KAM vs Change Agri	26 - 27	35 - 46
11.9	Vervreemding/Ontwikkeling: Erwe 1256 en 1257, Struisbaai	27 - 28	-
11.10	Request to support: Outpatient treatment for substance abuse	28 - 30	47 - 50
11.11	RSEP: Development of Anene Booysen urban park erf 1616, Bredasdorp	30 - 32	-

		BLADSY	
		<u>Notule</u>	<u>Bylaes</u>
11.12	Waiver of development contributions: Portion erf 856, Struisbaai	32 - 34	-
11.13	Registrasie serwitut: Moontlike kompensasie, R Roberts, Napier	34 - 35	-
11.14	Deferred Ownership / Rent to Buy	35 - 37	-
11.15	Volhoubaarheid van vakansieoorde binne KAM	37 - 39	-
11.16	NERSA: Goedkeuring van 2020/21 Elektrisiteitstariewe	40	51 - 70
11.17	Amendment/Extention of Contract: Fidelity Security Services	41	-
11.18	Quarterly SCM Report: 1 April 2020 - 30 June 2020	42	<i>Apart</i>
11.19	Annual SCM Report ended 30 June 2020	42 - 43	<i>Apart</i>
11.20	Desktop Printers at Home: Users with co-morbidities	43 - 44	71 - 77
11.21	Microstructure: 2020/21	44 - 45	<i>Apart</i>
11.22	Aansoek om vakante pos op Ouditkomitee tydelik te vries	45 - 46	-
11.23	Jaarlikse Interne Oudit Opinie: 2019/2020	46 - 47	78 - 80
11.24	Kwartaalverslag: Ouditkomitee	47 - 48	81 - 85
11.25	Ouditkomitee Handves: 2020	48	86 - 100
11.26	OPCAR: Augustus 2020	48 - 49	101 - 109
11.27	Aansuiwering van begroting vir dienste: Struisbaai industriële erwe	49 - 50	-

12. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

12.1	Movement of Capital Funds: Diesel Bowser	50 - 51
------	------------------------------------------	---------

13. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

14. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

15. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

16. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN RAADSBESLUIE**

Lys van onafgehandelde Raadsbesluite verskyn op **bladsy 52**.

17. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 15:15

11. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING**11.1 VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE (±132M²) ERF 663 EN GEDEELTE (±36M²) ERF 579, L'AGULHAS (COLLAB: 287169) (WYK 5)****DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van me L Geldenhuys ten einde 'n gedeelte (±132m²) van erf 663 en gedeelte (±36m²) van erf 579, L'Agulhas te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 2**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 663, L'Agulhas en Gedeelte Erf 579, L'Agulhas
Ligging	:	Golfstraat
Huidige sonering	:	Oop Ruimte
Erf Grootte	:	3 377m ²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 3** is van me L Geldenhuys ontvang om 'n gedeelte (±132m²) van erf 663 en gedeelte (±36m²) van erf 579, L'Agulhas by die Raad te koop.

MARKWAARDASIE

R93 150,00 (BTW uitgesluit)

BESTUURSAANBEVELING: 10 DESEMBER 2019

- (i) Dat die Raad in beginsel goedkeuring gee dat 'n gedeelte van erf 663, L'Agulhas vervreemd mag word.
- (ii) Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.
- (iii) Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.
- (iv) Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word."

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

RAADSBESLUIT 202/2019: 10 DESEMBER 2019

Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

'n Advertensie met die Raad se voorneme is op 12 Maart 2020 in die plaaslike pers geplaas. Geen kommentare of besware is ontvang nie.

BESTUURSAANBEVELING: 28 JULIE 2020

- (i) Dat die Raad goedkeuring gee dat 'n gedeelte van erf 663, L'Agulhas vervreem mag word.
- (ii) Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.
- (iii) Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.

RAADSBESLUIT 89/2020: 28 JULIE 2020

Dat die item, wat 'n terreinplan sal insluit, verwys word na die spesiale Raadsvergadering van 13 Augustus 2020 (*spesiale Raadsvergadering is vervang met algemene Raadsvergadering van 27 Augustus 2020*).

KOMMENTAAR: WYK 5

Die Wykskomitee ondersteun die bestuursaanbeveling van 28 Julie 2020.

BESLUIT 117/2020

- (i) Dat die Raad goedkeuring gee dat 'n gedeelte van erf 663, L'Agulhas vervreem mag word.
- (ii) Dat die Raad 'n Landmeter aanwys wat genoemde gedeelte sal registreer en konsolideer met die koper se bestaande erf, vir die koste van die koper.
- (iii) Dat die markwaarde soos bepaal, as koopprys van toepassing sal wees.

(Raadsheer Jantjies teken sy teenstem aan, aangesien hy nie die volledige deelnameproses ondersteun nie.)

11.2 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE (±589m²) ERF 955, STRUISBAAI (COLLAB: 339445) (WYK 5)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van Town & Country namens mnr Marchean Delport om 'n gedeelte van erf 955, Struisbaai te koop (liggingsplan aangeheg op *bladsy 5*).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 955, Struisbaai
Huidige sonering	:	Straat
Voorgestelde Grootte	:	±589m ²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op *bladsy 5 tot 11* is van Town & Country namens mr Marchean Delport ontvang om 'n gedeelte van erf 955, Struisbaai by die Raad te koop ten einde dit te konsolideer met erf 3925, Struisbaai.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

Council policy	Alienation of land
MFMA	<ol style="list-style-type: none"> 1. Sect 14(2)(a): asset not required for minimum level of basic services. 2. Sect 14(2)(b): consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset. 3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below). 4. Sect 33: Contracts having long term financial implications.
MATR	<ol style="list-style-type: none"> 1. Definition of "high value asset": "fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts: <ol style="list-style-type: none"> a) R50 million; b) One percent of the total value of the capital assets of the

	<p><i>municipality...</i></p> <p>c) <i>An amount determined by resolution of the council of the municipality which is less than (a) or (b).</i></p> <p>2. Definition of “realisable value”: fair market value <u>less</u> estimated costs of completion.</p> <p>3. Definition of “right to use, control or manage”: when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.</p> <p>4. Regulation 5 (decision-making).</p> <p>5. Regulation 6 (public participation)</p>
SCM Regulations SCM Policy	Regulation 40: (Disposal Management) Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth
Systems Act (public participation)	Section 21A: (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community: (a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries; (b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and (c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.
Town Planning legislation	No application is required.

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR**MUNISIPALE BESTUURDER**

My view is that the erf be sub-divided and rezoned for residential purposes and then sold by public auction.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

Should consider rezoning to residential and then sold by public auction / tender.

DIREKTEUR: SIVIELE INGENEURSDIENSTE

589m² is a considerable size plot suitable for a dwelling in a prime area. No objection to alienation, however should be rezoned and disposed of in a competitive bidding process.

DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE

My mening is dat die erf groot genoeg is om verkoop te word volgens alle wetlike prosesse en sodoende as 'n inkomste vir die Raad kan wees.

ELEK

Any upgrade to existing infrastructure for owners account.

SENIOR BOUBEHEERBEAMPTE

Take note.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

BESTUURDER: WATER EN RIOOL

No impact on water and Sanitation system.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat, aangesien die eiendom ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van Gedeelte (±589m²) van gedeelte erf 955, Struisbaai aan mnr Marchean Delpont, teen 'n markverwante prys.

- (ii) Dat die konsolidasie van die erf vir die aansoeker se koste sal wees.
- (iii) Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir insette.

RAADSBESLUIT 95/2020: 28 JULIE 2020

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die aangeleentheid daarna weer na die Raad verwys word vir oorweging.

KOMMENTAAR: WYK 5

Die Wykskomitee ondersteun die aanbeveling dat die eiendom teen 'n markverwante prys verkoop kan word.

NA BESPREKING WORD DIE VOLGENDE VOORSTELLE GEMAAK

VOORSTEL 1 - Raadsdame Marthinus:

As gevolg van die swak ekonomiese toestand van die land sal die erf teen 'n verminderde waarde as markwaarde verkoop en daarom dat die erf nie nou verkoop word nie.

Ondersteun: Raadslede Baker en Europa

VOORSTEL 2 - Raadslid Tonisi:

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

Ondersteun: Raadslede Burger, October, Sauls, Swart en Jacobs

Na die uitbring van stemme, word die volgende besluit geneem:

BESLUIT 118/2020

- (i) Dat, aangesien die eiendom ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van Gedeelte ($\pm 589\text{m}^2$) van gedeelte erf 955, Struisbaai per publieke veiling.
- (ii) Die munisipale waardasie sal as reserwe prys dien.
- (iii) Dat alle wetlike prosesse gevolg sal word, soos onder andere die voorneme van vervreemding aan die publiek bekend gemaak moet word.

(Rdd Marthinus en Raadslede Baker en Europa teken hul teenstem aan, aangesien die ekonomiese toestande nie nou voordelig is vir verkope van grond van die munisipaliteit nie.)

11.3 **VERVREEMDING / ONTWIKKELING: ERWE 852 EN 857, STRUISBAAI (STRUISBAAI ONTWIKKELINGS)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk om die eiendom van erwe 852 en 857, Struisbaai aan LTN Bedrywe (Edms) Bpk (mnr P Erasmus) in fases te vervreem.

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars : KAM
Eiendom : Erf 852 en 857, Struisbaai
Erf Grootte : 5.45 HA
Sonering : Wil aanwend vir "kommersiële ontwikkeling"

AGTERGROND

Die Raad het reeds by 'n vroeër geleentheid oorweging geskenk om 'n gedeelte van erwe 852 en 857 in Struisbaai aan LTN Bedrywe (Edms) Bpk te vervreem om 'n kommersiële ontwikkeling daar te doen. Die koopprys was bepaal op R19 222 250,00 en volgens die ooreenkoms moet die ontwikkelaar 'n 5% "non-refundable" deposito van R961 112,50 betaal, nog voordat daar enige verkope was. Die koper versoek die Raad nou om die ontwikkeling in 2 fases te doen, maar die kooptransaksie word net verseker vir die gedeelte van die grond waarop fase 1 van die ontwikkeling sal voortspruit.

Die Raad se prokureur het op 8 Junie 2020 'n skrywe gerig ten opsigte van die aangeleentheid (sien **bladsy 12 tot 14**). Hy meld in sy skrywe dat "*blyk dit dat hy dus die oorblywende gedeelte van 60% wil voorbehou as 'n "opsie" of "reg van 1^{ste} weiering*", wat uiteraard nie sal voldoen aan die bepalings van die MFMA nie.

Die skrywe van die Raad se prokureur verwys ook na verdere ontwikkelings te Struisbaai, naamlik:

1. KUSASA COMMODITIES Property Investments and Development (Edms) Bpk van mnr S Brinkhuis op erf 1257, Struisbaai - 25.7 Ha vir R29 555 000.
2. Clearlake Capital (Edms) Bpk (Mnr Ben Smit & Werner Claasen) op Erf 1256, Struisbaai - 12.2HA vir R17 039 550.

MARKWAARDASIE

Markwaarde van die verkleinde gedeelte van LTN Bedrywe (Edms) Bpk moet nog aangevra word.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Potensiële bron van inkomste.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad die aansoek van LTN Bedrywe (Edms) Bpk oorweeg.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir insette.

RAADSBESLUIT 96/2020: 28 JULIE 2020

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die aangeleentheid daarna weer na die Raad verwys word vir oorweging.

KOMMENTAAR: WYK 5

Die Wykskomitee ondersteun die aanbod, maar dat die res (orige 60%) nie eksklusief vir die ontwikkelaar onbepaald as eerste opsie gehou kan word nie en oop is vir enige ander ontwikkelaar wat sou belangstel.

BESLUIT 119/2020

- (i) Die Raad ondersteun die vervreemding van erf 852 en 857, Struisbaai (5,45 hektaar) aan LTN Bedrywe, maar dat die res (orige 60%) nie eksklusief vir die ontwikkelaar onbepaald as eerste opsie gehou kan word nie en oop is vir enige ander ontwikkelaar wat sou belangstel.
- (ii) Dat die Raad kennis neem dat LTN Bedrywe steeds belangstel in die ontwikkeling van erf 852 en 857, Struisbaai en daarom verder uitstel verleen tot Desember 2020 vir die betaling van die 5% deposito.
- (iii) Dat die Raad kennis neem dat die oorsaak van die uitstel hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die inperking deur Covid-19.

11.4 **VERVREEMDING (KOOP): GEDEELTE VAN ERF 379, STRUISBAAI****DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die versoek van Town & Country, namens die eienaar van erf 4227, Struisbaai ten einde 'n gedeelte van erf 379, Struisbaai te koop (liggingsplan aangeheg op **bladsy 15**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Erf gedeelte 379, Struisbaai
Erf Grootte	:	7444m ²
Gedeelte verlang	:	382m ²

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 19** is van Town & Country ontvang om gedeelte van erf 379 by die Raad te koop.

Erf 379, Struisbaai is die erf waarop die huidige munisipale kantore tans geleë is. Die aangrensende eienaar (van erf 4227, Struisbaai) het nie voorsiening gemaak vir parkeerplek op sy erf 4227 vir sy wooneenhede nie, en wil nou die gedeelte by die raad koop vir die voorsiening van parkeerplekke vir sy aanliggende perseel.

Die woonstelle wat aanvanklik gebou is, sou vakansie akkommodasie gewees het, waar geen parkeerplek nodig was nie, maar dit het intussen verander na 'n "Sectional Title Scheme" en die voornemende kopers vereis nou toesluit parkeermasjienreëls.

Die vervreemding van die grond kan potensiele uitbreiding van die munisipale kantore in die toekoms belemmer.

MARKWAARDASIE

Sal ingewin moet word.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

Council policy	Alienation of land
MFMA	<ol style="list-style-type: none"> 1. Sect 14(2)(a): asset not required for minimum level of basic services. 2. Sect 14(2)(b): consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset. 3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below). 4. Sect 33: Contracts having long term financial implications.

MATR	<p>1. Definition of “high value asset”: <i>“fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:</i></p> <p>a) <i>R50 million;</i></p> <p>b) <i>One percent of the total value of the capital assets of the municipality...</i></p> <p>c) <i>An amount determined by resolution of the council of the municipality which is less than (a) or (b).</i></p> <p>2. Definition of “realisable value”: fair market value <u>less</u> estimated costs of completion.</p> <p>3. Definition of “right to use, control or manage”: when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal.</p> <p>4. Regulation 5 (decision-making).</p> <p>5. Regulation 6 (public participation)</p>
SCM Regulations SCM Policy	Regulation 40: (Disposal Management) Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth
Systems Act (public participation)	<p>Section 21A: (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community:</p> <p>(a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries;</p> <p>(b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and</p> <p>(c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.</p>
Town Planning legislation	No application is required.

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Sell by public tender.

DIREKTEUR: SIVIELE INGENEURSDIENSTE

No objection. services are located close by. Due process should be followed.

DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

Clarify whether the person wants to purchase and / or requesting a piece of land to be accommodated as according to me no mention of purchase as assumed.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Vervreemding word ondersteun. Ek voel die Raad behoort op Tender te kan uitgaan, of 'n publieke veiling te hou.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat finaliteit gekry word of die erwe (en ander in Tolbosstraat) in die Aktekantoor geregistreer is en dat 'n waardasie geïm word.
- (ii) Dat die aangeleentheid oorstaan.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir insette.

RAADSBESLUIT 97/2020: 28 JULIE 2020

- (i) Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat die aangeleentheid daarna weer na die Raad verwys word vir oorweging.

KOMMENTAAR: WYK 5

Die Wykskomitee wil 'n pleidooi aan KAM lewer ten einde die belangrikheid en noodsaak van deeglike beplanning by toekomstige ontwikkelaars tuis te bring. Die komitee wil KAM ook waarsku om sodanige ontwikkelingsplanne deeglik na te gaan ten einde te verseker dat situasies soos hierdie vermy word waar ontwikkelaars later addisionele grond of verslappings aanvra en nie by die oorspronklike goedgekeurde planne hou nie. Ontwikkelaars moet te alle tye hou by die oorspronklike ontwikkelingsplanne wat ingedien en goedgekeur is.

Die gebeur gereeld dat ontwikkelaars of erf eienaars planne indien en pas na aanvang van bouwerk, aansoek doen om verslapping of aanpassings. Die noodsaak dat enige aansoeke om afwykings en oorskrydings altyd na die Wykskomitee vir hul aanbevelings en insette verwys word, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die manier waarop sommige aansoeke by die munisipaliteit hanteer word, is 'n brond van kommer vir die komiteede.

Die Wykskomitee ondersteun die oorweging van die bou van die garages en beskikbaarstel van die gedeelte van die erf daarvoor. Die pad moet ook opgradeer word en alle skade veroorsaak deur die ontwikkelaar moet vir hulle rekening wees.

BESLUIT 120/2020

- (i) Die Raad ondersteun, in-beginsel die vervreemding van die genoemde eiendom vir die bou van die garages. Die pad moet ook opgradeer word en alle skade veroorsaak deur die ontwikkelaar moet vir hulle rekening wees.
- (ii) Dat 'n markverwante huur bepaal sal word deur die verkoop van die aanliggende erf se koopprys plus 'n eskalاسie van 10% per jaar as koopprys sal dien.

(Raadsdame Marthinus en Raadslede Baker en Europa teken hulle teenstem aan, omrede daar nog inligting ontbreek en die Raad nie die grond per openbare tender wil verkoop nie.)

11.5 **REQUEST FOR USE OF ERVEN 390 AND 608, L'AGULHAS (TRP - 15/5/5) (WARD 5)****PURPOSE OF REPORT**

For Council to consider the request from Zoetendal Academy (see **page 21 to 26**).

BACKGROUND

Owner : Cape Agulhas Municipality
 Zoning - Erf 608 : Open Space
 Zoning Erf 390 : Civic and Social



ERF 608

Land Parcel	
Erf	Erf 608 of Agulhas
Address	HOFFMANSTRAAT
SG Number	C01100010000060800000
Municipality	Cape Agulhas
Township/Holding: Title Deed	Agulhas
Suburb: Financials	L'agulhas (0001)
Extent	1.2848Ha
Title Deed	T14608/1992
Owners	Mun L'agulhas
Registered	11 Mar 1992
Price	100,000.00
Municipal Value	1,280,000.00
Latest Valuation	850,000.00
Valuation Category	MUN
H Area	Unknown

ERF 390

Land Parcel	
Erf	Erf 390 of Agulhas
Address	WESSELSSTRAAT 74
SG Number	C01100010000039000000
Municipality	Cape Agulhas
Township/Holding: Title Deed	Agulhas
Suburb: Financials	L'agulhas (0001)
Extent	2.5635Ha
Title Deed	T45251/1986
Owners	Mun L'agulhas
Registered	17 Nov 1986
Price	0.00
Municipal Value	2,560,000.00
Latest Valuation	1,200,000.00
Valuation Category	MUN
H Area	Unknown

CAPE AGULHAS INTEGRATED ZONING SCHEME

Erf 608, L'Agulhas is zoned for Open Space purposes in terms of the Cape Agulhas Integrated Zoning Scheme.

Purpose of the zone

The purpose of this zone is to provide for active and passive open space and public spaces in urban areas. This may include spaces that are intensively landscaped (green) and which are used for recreational purposes, and which add to the amenity of an area, or spaces that may be used for a variety of community and commercial uses on a non-permanent basis such as informal trading, periodical markets, concerts or public meetings.

Land use within zone

The following uses are allowed in this zone:

Primary uses	Consent uses
<ul style="list-style-type: none"> • Public open space • Private open space • Urban agriculture • Rooftop base station 	<ul style="list-style-type: none"> • Cemetery • Place of worship • Place of assembly • Crematorium • Informal trading • Institutional building • Place of instruction • Restaurant • Boat launching facility • Transmission tower

Development rules

The Municipality may determine development rules in accordance with the purpose of this zone.

Informal trading

Use of public space for business by street vendors, peddlers or hawkers may be permitted subject to:

- (a) Compliance with any applicable Municipal by-law relating to street vendors, peddlers or hawkers,
- (b) The Municipality terminating such use if, in its opinion, there is interference with pedestrian movement, or with the amenity of the area, or such use constitutes a public nuisance; and
- (c) Loading and offloading of goods not causing undue traffic and pedestrian movement disturbances.

Use of public space for assembly

The Municipality may grant its consent for the use of public spaces for assembly purposes, provided that it is satisfied that:

- (a) Adequate traffic management and pedestrian safety measures have been put in place;
- (b) Adequate provision has been made for emergencies of any nature;
- (c) Access, egress and emergency evacuation measures are adequate, and
- (d) The management of the event complies with any applicable municipal by-law.

Facilities for informal trading, public ablution facilities, institutional buildings and places of assembly

In granting its consent for the erection for facilities for informal trading, public ablution facilities, institutional buildings or places of assembly, the Municipality shall consider the impact of such buildings on the use and amenity of the public place and determine the development rules in accordance with such considerations.

Cemeteries

The Municipality may grant its consent for the establishment of cemeteries in this zone subject to any applicable Municipal by-laws.

Environmental management plan

The Municipality may require an environmental management plan as a condition of rezoning to open space or of its consent for any of the uses indicated above.

Site development plan

The Municipality may require a site development plan to be submitted to its satisfaction as a condition of rezoning to conservation area or of its consent for any of the consent uses indicated above.

Visual impact assessment

When considering an application for any proposed development in this zone, the Municipality may require a visual impact assessment of the proposed development to be submitted to its satisfaction.

Use of public space for parking

The Municipality may allow public open spaces that are not being used for the purposes of this zone, to be used for public parking purposes on a temporary basis.

Erf 390, L'Agulhas is zoned for Civic- and Social purposes in terms of the Cape Agulhas Integrated Zoning Scheme.

Purpose of the zone

The purpose of this zone is to provide for uses directed at serving community needs related to education, religion, health, social interaction, and recreation. Some of these uses require only consent in zones such as business and service business. However, where it is considered that such uses may potentially have a significant impact on surrounding uses, in residential areas for instance, rezoning will be required.

Land use within zone

The following uses are allowed in this zone:

Primary uses	Consent uses
<ul style="list-style-type: none"> • Place of instruction • Place of worship • Institutional building • Public open space • Urban agriculture 	<ul style="list-style-type: none"> • Conference facility • Cemetery • Dwelling house • Place of assembly • Rooftop base station • Transmission tower

Development rules

The following development rules apply to buildings in this zone:

Type of building	Floor factor	Maximum coverage	Maximum height	Street building line	Lateral and rear building lines
Place of instruction	1.0	60%	8,0m	10m	4,5m
Place of worship	1.0	60%	8,0m, provided that tower features designed to signify the significance of the building, may be higher with the consent of the Municipality.	10m	4,5m
Institutional building	1.5	60%	8,0m	10m	4,5m

Municipality grants its consent for a dwelling house of a religious leader, the development rules for the Single Residential Zone shall apply.

Site development plan

The Municipality may require a site development plan to be submitted to its satisfaction, provided that:

- (a) The Municipality shall not unreasonably refuse a site development plan that is consistent with the development rules of this zone, or conditions of a rezoning approval, and

- (b) The Municipality may require amendments to the site development plan to address reasonable concerns relating to access, parking, architectural form, urban design, landscaping, engineering services or similar concerns.

Environmental management plan






The Municipality may require an environmental management plan as a condition of rezoning to the Civic or Social Zone or of its consent for any of the uses indicated above.

CAPE AGULHAS SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK PLAN

In terms of the Cape Agulhas Spatial Development Framework Plan the focus for L’Agulhas remains to enhance tourism and visitor amenity at the Lighthouse precinct and accommodating an Eco Estate sensitive to the general environment of the settlement.



CHANGE ACTIONS

-  ENHANCED COMMERCIAL OR INDUSTRIAL ACCOMMODATION
-  AREAS FOR PERI-URBAN AGRICULTURE
-  HOUSING DENSIFICATION AND INFILL
-  TREE PLANTING ROUTES AND IMPROVED LANDSCAPING
-  INFORMAL SETTLEMENTS AND AFFORDABLE HOUSING AREAS

Erven 390 and 608, L’Agulhas falls within the Urban Edge.

Change Actions:

Change actions	Areas or places to be upgraded	Informal settlements/ affordable housing areas	-
	Area for enhanced economic opportunity	Integration areas between informal areas/ affordable housing areas and centres of commercial activity	-
		Enhanced commercial or industrial accommodation for user convenience, entrepreneurship development, and work opportunity.	• Integrate commercial and non-residential development as far as possible abutting Main Road west of the caravan park.
		Focus area for public markets	-
	Areas for densification and infill	Residential infill and densification	• Allow sensitive densification of residential fabric in L’Agulhas subject to the general height and character of surrounding development.
		Areas for efficient/ improved access to public services	Places for clustering public facilities
	Improved landscaping	Streets or places where landscaping and tree planting should be focused	• Focus landscaping initiatives on a continuous NMT route linking Struisbaai North – and focal public places in between – to the Lighthouse precinct in L’Agulhas.
Improved public amenity	Public amenity (e.g. ablution facilities) and easy access	• Maintain and upgrade beach-side parking areas, pedestrian routes, ablution facilities, and stairs/ steps (without creating large tarmacked areas).	

Implementation Framework Strategy as per the Spatial Development Framework Plan:

CAM will *inter alia*

- Utilise Provincial biodiversity mapping to inform land use decision-making supportive of ecological integrity and natural resource protection.
- Assist in CapeNature's protected area expansion strategy and stewardship programme by highlighting priority areas outside the protected area network that are critical for the achievement of the Province's conservation targets (and by managing land use in these areas in a manner supportive of conservation goals).
- Delineate and manage urban edges, coastal and estuarine, and watercourse setbacks in a manner which diverts urban growth pressures away from ecologically important areas.
- Preserve significant and high-potential agricultural land within the municipality.

SPLUMA

In step with the SPLUMA principles, the following should be considered with the different options:

PRINCIPLE	SUMMARY
Spatial justice	<ul style="list-style-type: none"> • Past spatial and other development imbalances must be redressed through improved access to and use of land. • SDFs (and associated policies) must address the inclusion of persons and areas that were previously excluded, with an emphasis on informal settlements, and areas characterised by widespread poverty and deprivation. • Spatial planning mechanisms, including land use schemes, must incorporate provisions that enable redress in access to land by disadvantaged communities and persons. • Land use management systems must include all areas of a municipality and specifically include provisions that are flexible and appropriate for the management of disadvantaged areas and informal settlements. • Land development procedures must include provisions that accommodate access to secure tenure and the incremental upgrading of informal areas. • In considering an application, a Municipal Planning Tribunal may not be impeded or restricted in the exercise of its discretion solely because the value of land or property is affected by the outcome of the application.
Spatial sustainability	<p>Promote land development that is within the fiscal, institutional and administrative means of government.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Give special consideration to the protection of prime and unique agricultural land. • Uphold consistency of land use measures in accordance with environmental management instruments. • Promote and stimulate the effective and equitable functioning of land markets. • Consider all current and future costs to all parties for the provision of infrastructure and social services in land developments. • Promote land development in locations that are sustainable, limit urban sprawl, and result in communities that are viable.
Efficiency	<ul style="list-style-type: none"> • Land development must optimise the use of existing resources and infrastructure. • Decision-making procedures must be designed to minimise negative financial, social, economic or environmental impacts. • Development application procedures must be efficient, streamlined, and timeframes adhered to by all parties.
Spatial resilience	<p>Spatial plans, policies and land use management systems must be flexible to ensure sustainable livelihoods in communities most likely to suffer the impacts of economic and environmental shocks.</p>
Good administration	<ul style="list-style-type: none"> • All spheres of government must ensure an integrated approach to land use and land development. • All government departments must provide their sector inputs and comply with any other prescribed requirements during the preparation or amendment of SDFs. • The requirements of any law relating to land development and land use must be met timeously. • The preparation and amendment of spatial plans, policies, land use schemes as well as procedures for development applications, must include transparent processes of public participation that afford all parties the opportunity to provide inputs on matters affecting them. Policies, legislation and procedures must be clearly set out in a manner which informs and empowers the public.

ENVIRONMENTAL IMPACT

Major environmental threats to be mitigated and adapted to -

Complex and broad-scale environmental challenges such as climate change, food insecurity, sea level rise, and coastal erosion cannot be effectively managed at the municipal scale. Responses should focus on adaptation, particularly through:

- Adoption of a conservative approach to further coastal development, guided by coastal management lines and coastal protection zones delineated by provincial government.
- Ensuring resource efficiency in building, including for affordable housing, by reducing energy use through building massing and configuration, and by exploiting passive energy design.
- Compacting settlements (also enabling non-motorised transport).
- Mainstreaming water conservation and demand management in settlement making and upgrading.
- Management and control of alien invasive vegetation, particularly in catchment areas and protected areas.
- Protecting significant agricultural land with long term food security value from urban encroachment.

Land uses within CBAs and ESAs must be carefully reviewed for suitability; development within a CBA would require strong motivation and is likely to be subject to an environmental authorisation and EIA. As seen on the map below the affected portion of Erven 390 and 608 L'Agulhas falls outside the CBA.



ZOETENDAL ACADEMY

Messrs Eloise Krige submitted the following request on behalf of the Zoetendal Technical Committee:

5 Maart 2019

Insake: Grond vir die uitbreiding en ontwikkeling van Zoetendal Akademie, te L'Agulhas. Opmerkings vanaf Kaap Agulhas Besigheids Assosiasie.

Die Kaap Agulhas Besigheids Assosiasie ondersteun die versoek vanaf Zoetendal Akademie om erf 390 met aangrensende erf 608, en dan ook erf 601, vanaf KAM te huur vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande, met die opsie om te verleng. Hier gaan dit oor volhoubaarheid en die integrasie van gemeenskappe om samewerking en samehorigheid aan te wakker. Hier het ons die geleentheid om 'n omgewing te skep wat stadig maar seker ontwikkel. Ons stem saam met die skool dat die sportveld wat hulle beoog op erwe 390 en 608 'n reuse bydrae sal lewer in die bereik van hierdie doelwitte! Die gebou wat op erf 601 is, kan met groot sukses benut word vir nog klaskamers vir hierdie groeiende skooltjie.

Punte om in gedagte te hou:

- 1) Zoetendal Akademie is nie 'n privaat skool nie maar 'n onafhanklike skool en word befonds deur die ouers en WKOD.
- 2) Die leerlinge kom uit Suiderstrand, Agulhas, Struisbaai en Struisbaai Noord.
- 3) Leerlingtal tans 64 waarvan 25% leerlinge van kleur is.
- 4) Dit is 'n tweetalige skool, Afrikaans en Engels as voertale en vanaf 2019, word Khoza ook aangebied.
- 5) Ons het 'n vinnig groeiende gemeenskap wat bystand nodig het van KAM
- 6) Daar is reeds navorsing gedoen wat getoon het dat daar geen bedreigde spesies op hierdie erwe is wat in gedrang sal kom tydens ontwikkeling nie. Die klem lê hier ook op die bewaring van ons natuur wat op die voorstelling aangetoon is.
- 7) Paul Boshoff wat goed bekend is by KAM het kosteloos 'n voorstelling opgestel wat by hierdie versoek aangeheg is.
- 8) Buiten die huur van die gebou op erf 601 en die daarstel van 'n sportveld op erwe 390 en 608 wat ook beskikbaar sal wees vir die gemeenskap om te gebruik, het die skool ook die volgende in gedagte:
 - Bankies onder die bome vir piekniek
 - Speelareas vir kleuters en kinders
 - Opelug gym vir ouer kinders en volwassenes wat saam met die sportveld benut kan word
 - 'n Klein ablusieblok
 - Sluitbare elektriese punte vir funksies

Die Kaap Agulhas Besigheids Assosiasie vra saam met die skool dat u hierdie versoek gunstig sal oorweeg.

Groete,

Eloise Krige
Voorsitter
Kaap Agulhas Besigheids Assosiasie (KABA)

DISCUSSION

In order to utilise Erven 390 and 608, L'Agulhas as requested by Zoetendal Academy, the following has to be considered:

- (1) Zoning;
